



Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

Ingenieurswese-aktiwiteite en groepwerk 320 (MIA 320)

Kwalifikasie	Voorgraads
Fakulteit	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Modulekrediete	8.00
Programme	Blng Bedryfsingenieurswese Blng Bedryfsingenieurswese Engage Blng Chemiese Ingenieurswese Blng Chemiese Ingeieurswese Engage Blng Elektriese Ingenieurswese Blng Elektriese Ingenieurswese Engage Blng Elektroniese Ingenieurs Engage Blng Elektroniese Ingenieurswese Blng Meganiese Ingenieurswese Blng Meganiese Ingenieurswese Engage Blng Metallurgiese Ingenieurswese Blng Metallurgiese Ingenieurswese Engage Blng Mynbou-ingenieurswese Blng Mynbou-ingenieurswese Engage Blng Rekenaar-ingenieurswese Engage Blng Rekenaaringenieurswese
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 ander kontak per week, 2 lesing per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Meganiese en Lugvaartkundige I
Aanbiedingstydperk	Semester 2



Module-inhoud

Twee uittreevlakuitkomst (ELO) van ECSA word aangespreek en beide moet binne dieselfde semester geslaag word. ELO7: Toon kritiese bewustheid van die invloed van die ingenieursaktiwiteit op die sosiale, industriële en fisiese omgewing. Die geskiedenis van ingenieurswese wêreldwyd en in Suid-Afrika. Mees belangrike ingenieursprojekte wêreldwyd en in Suid-Afrika. Die invloed van tegnologie op die samelewing. Beroeps- en openbare gesondheid en -veiligheid. Invloede op die fisiese omgewing. Die persoonlike, sosiale, kulturele waardes en vereistes van dié wat deur ingenieursaktiwiteite geraak word. Die kombinasie van sosiale, werkplek (industriële) en fisiese omgewingsfaktore wat toepaslik in die dissipline van die kwalifikasie is. ELO8: Toon vaardigheid om effektief aan 'n klein projek as individue te werk, asook in spanne en in multidissiplinêre omgewings. Identifiseer en fokus op doelstellings. Werk strategies. Handel take effektief af. Handig afgehandelde werk betyds in. Effektiewe spanwerk: Maak individuele bydrae binne spanaktiwiteit; voer kritiese take uit; verbeter kollegas se werk; trek voordeel uit die ondersteuning van ander spanlede; kommunikeer effektief met ander spanlede. Multidissiplinêre werk: Bekom werkskennis van kollegas se werk; gebruik 'n sisteemingenieurswese-benadering; kommunikeer oor die grense van ander dissiplines heen. Verslagdoening en voorlegging oor spanprojek. Take vereis samewerking tussen ten minste twee dissiplines.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.